

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



INHOUD

VOORWOORD	2
1. DIE WESE VAN DIE GEBED	3
2. DIE GROND VAN DIE GEBED	4
3. DIE DRANG VAN DIE GEBED	5
4. DIE PLIG VAN DIE GEBED	6
5. GESTELDHEID VAN DIE HART IN DIE GEBED	7
6. DIE ERNS VAN DIE GEBED	8
7. DIE HEILIGE GEES EN DIE GEBED	9
8. DIE VRYMOEDIGHEID VAN DIE GEBED	10
9. DIE INHOUD VAN DIE GEBED	11
10. DIE DANKGEBED	12
11. DIE AANBIDDING	13
12. DIE ONVERHOORDE GEBED	14
13. DIE VERHOORDE GEBED	15
14. GEBEDSMOED	16
15. DIE VOORBIDDING	17
16. DIE LOFSEGGING	19

VOORWOORD

Op versoek van die G.S.B. van Transvaal het ek op die laasgehoue kongres van die Geref. Susters-organisasies van Transvaal 'n lesing oor die gebed in die Heilige Skrif gegee.

Ek het dit uitgebrei en vir die pers gereed gemaak. Daar is vele van die susters wat uitsien na die verskyning daarvan. Ons vertrou dat hierdie boekie tot 'n ryke seën sal wees.

Die Skrywer.
Potchefstroom, Julie 1955.

1. DIE WESE VAN DIE GEBED

Ons wil hier geen volledige behandeling van die gebed in die Heilige Skrif gee nie. Daarvoor is daar in hierdie verhandeling geen plek nie. Ons wil slegs op sekere aspekte van die gebed wys. Ons begin met te wys op die wese van die gebed. Die gebed, het iemand gesê, is die leer waarlangs die mens van die aarde opklim na die hemel. In die lewe van die gebed kom die wese van die mens die mees volkome voor die dag. Die gebed behoort tot die diens van God. Dit is 'n deel van die religie in engere sin.

Menigmaal word onder die gebed verstaan die godsdienstige Handeling waardeur die mens van God iets vra of afsmeek. In sy gebed stel die mens dan iets aan God voor, sodat God hom mag verhoor en sy begeertes mag vervul. Dit is waar, ons word vermaan om van die Here al ons stoflike en geestelike nooddruf te begeer, maar dit is nie hoofsaak nie. Helaas, daar is duisendes wat nooit verder kom nie. Hulle gebed tot God omvat niks meer as vra nie. Dit is die gebed by hulle wat pas begin in die genadelewe. Die wese van die gebed egter tree die beste voor die dag by hulle wat daarin geoefen is. Hulle doen meer as net om te vra. Hulle smeek nie alleen nie, maar hulle dank ook. Hulle is nie alleen nooddrufdiges nie, maar ook beweldadigdes. Die dansegging word naas die smeking 'n wesentlike bestanddeel van die gebed. Daarom sê ons Heid. Kategismus dat die gebed die vernaamste stuk van die dankbaarheid is (Vr. 116). God vorder dit van ons.

Kuyper stel as eerste eis van die gebed die ontroering en spreek dan van die dankbare gevoel as grondtoon van die gebed. In sy boek *E Voto* (IV, 358) sê hy: "Het gebed komt voort uit de dankzegging". En ons Heid. Kategismus sê verder dat "God sy genade en die Heilige Gees aan diegene wil gee wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid en daarvoor dank" (Vr. 116). Om te sug *om* genade is alleen moontlik *deur* genade. Om hartlik sonder ophou te sug is reeds besondere werking van genade. Hierin kom die Heilige Gees ons tot hulp deur self vir ons in te tree met onuitspreeklike sugtinge (Rom. 8:26).

Die wese van die gebed is dus 'n vraag aan God *om God*. Die gebed is 'n spreke tot God. Daarom sê Asaf in Ps. 77:2: "My stem is tot God en ek roep; my stem is tot God dat Hy na my kan luister". So spreek iemand tot God wat self die lewende God ontmoet het. Asaf weet dan ook dat as sy stem so tot God is dat Hy na hom sal luister. In die gebed ervaar die bidder dat dit vir hom goed is om naby God te wees. Sy gebed is dan ook nie 'n intellektuele aaneenryging van woorde wat steeds koud en onvrugbaar bly nie. Nee, sy gebed kom voort uit die diepte van sy hart, uit die kern van sy persoonlikheid waar die vlam van lewe brand. Dan alleen is die gebed besied, innig, kragtig en teer.

Die verstand is dus nie die bronaar van die gebed nie, want dit skuil in die hart. Koue, verstandelik beredeneerde gebede kan God nie behaag nie.

Hanna het vir Eli geantwoord: "Ek het my siel voor die aangesig van die Here uitgestort" (1 Sam. 1:15). In hierdie uitgieting van die siel lê alles besluit wat die karakter van die gebed uitmaak nl. die bekendmaking van ons begeertes, die vra om vervulling van bestaande behoeftes, die afbid van 'n drieende kwaad, die dank- en lofsegging, en bowenal die aanbidding wat ons vir 'n heilige God in die stof laat sink. Daarom sê die psalmis: "Kom, laat ons aanbid en neerbuk, laat ons kniel voor die Here wat ons gemaak het" (Ps. 95:6).

2. DIE GROND VAN DIE GEBED

Oor die grond van die gebed leer ons Heid. Kategismus „dat ons hierdie vaste grond het dat Hy ons gebed, nieteenstaande ons dit onwaardig is, terwille van die Here Christus sekerlik wil verhoor, soos Hy ons dit in sy Woord beloof het" (Vr. 117). Die bidder het wel 'n doel, 'n wens, maar geen grond nie. Daarvoor is sy ellende te groot. Hy kan alleen maar uitroep: O God, wees my sondaar genadig! Hy bid maar in die hoop dat God hom genadig sal wees.

Hierteenoor stel die H. Skrif dit baie duidelik dat die bidder nie slegs 'n *kans* het dat God sy gebed sal verhoor nie, maar 'n *vaste grond*. Ons Heid. Kategismus sê dat God "sekerlik wil verhoor". Ons moet in ons gebed nie klein dink van God nie. Die punt waarop dit hier aankom is die grootheid van God. Hulle wat na God toe kom behoef nie meer te doen as om te glo dat die God wat hulle aanroep *God* is. Ons eie onwaardigheid kan nooit 'n grond van afwysing wees nie. Ons Heid. Kategismus sê dat God ons sekerlik wil verhoor "nieteenstaande ons dit onwaardig is".

Daar is geen krag van die gebed, hoe klein ook, of dit het 'n uitwerking, dit dóén iets, daar gebeur iets, al is dit alleen maar dat God deur die aanroeping van sy Naam verheerlik word. Maar dan moet die bidder in die geloof bid.

Daar is geen ware gebed sonder geloof nie. En daar is ook geen ware geloof sonder gebed nie.

As iemand die saligmakende geloof deelagtig word, dan is die eerste daad waartoe die nuwe mens kom dat hy bid. In onself is ons arm en ellendig, maar daarom juis vertrou ons op die Naam van die Here. Daarom sê Sefanja: "En Ek sal tussen jou in laat oorbly 'n ellendige en geringe volk wat by die Naam van die Here skuiling soek" (3:12).

Die grond van die gebed moet ons dus nooit in onself soek nie. Nee, die grond van verhoring lê alleen in ons Here Jesus Christus. Hy staan by die goue wierookaltaar voor die troon en om sy ontwil verhoor God ons gebede. Hy bedek ons swak en arme gebede met sy algenoegsame geregtigheid. Hy laat hulle as lieflike reukwerk voor die Vader kom.

Maar dan is ons vertrou die grond van die *bestaan* van ons gebed. Daar moet 'n kinderlike vertrouwe wees. Hoe sal ons anders bid? Luister hoe die H. Skrif ons opwek tot kinderlike vertrouwe: "Terwyl ons 'n groot priester oor die huis van God het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart *in volle geloofsversekerdheid*" (Hebr. 10:21, 22).

En verder: "Hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek" (Hebr. 11:6).

Deur die geloof moet ons in ons gebed die beloftes van die Here aangryp en vashou. Daar is sulke heerlike beloftes. Die Here sal ons nie begeef en verlaat nie. Sy genade is vir ons genoeg. Sy krag word in swakheid volbring. Hulle wat na Hom kom sal Hy nooit wegwerp nie. Al hierdie beloftes is in Christus ja en in Hom amen (2 Kor. 1:20). Al die beloftes van die Here het die Here niet 'n eed bevestig. Hulle is net so onveranderlik as God self (Hebr. 6:18).

In ons gebed sal ons spoedig ervaar dat dit eintlik die beloftes is wat ons aangryp en vashou. Hoe langer ons met die beloftes staan en pleit voor die troon, des te kleiner word ons self en des te groter word die beloftes in ons oog. Ons sien dan so duidelik dat die dreierende en wrekende God na die agtergrond wyk om ons die belowende God in volle glans te laat sien en ons deur Hom uit sy rykdom van barmhartigheid te laat seën. Laat ons dan God in alles dank vir die grootheid van sy ontfermende genade.

3. DIE DRANG VAN DIE GEBED

In elke kind van God is daar 'n *gebedsdrang*. Ons mag die gebed nie beperk tot sekere vasgestelde ure nie. Elke kind van God weet dan ook baie goed dat daar enige tyd 'n opheffing van die siel tot die Here kan wees, wat soms inniger as die gewone gebed is. Selfs in ons aardse besigheid skiet nou en dan 'n bede of sug uit ons binneste op. Hierdie *skietgebede* het groot waarde. Meesal is hulle kort omdat hulle midde in ons werk uit ons binneste opskiet. Ons sluit dan nie ons oë en vou nie ons hande nie. Hulle skiet soms selfs onder 'n gesprek uit die hart soos by Nehemia wat 'n onderhoud het met die koning en intussen tot God bid, omdat hy besef hoeveel daar van die koning se antwoord afhang. Elkeen van ons ken hierdie skietgebede. Wanneer ons kind in die water val of wanneer 'n storm die vliegtuig waarin ons reis laat kraak, dan vlieg by die gelowige vanself die hart na bo, terwyl hy doen wat hy kan om die gevaar af te weer.

Maar hierdie gebedsdrang kom nie slegs voor in nood in skietgebede nie, nee, hierdie drang kan op alle tye kenbaar word. Daar is die stem van begeerte na God in ons. Daarom sê Jesaja: "Met my siel begeer ek U in die nag" (Jes. 26:9). Selfs in die nag as alles rustig is, dan swyg die stem van hierdie begeerte nog nie. Dan fluister of spreek dit sy node voor God uit. Maar die profeet gaan nog verder in vs. 8: "Tot u Naam en tot u gedenknaam gaan die begeerte van ons siel uit". Hoe heerlik is dit om in die stille nagtelike ure as ons wakker lê God so te begeer! Ja, dan maak ons soos Job se vriende met onse God. Ons vrees Hom selfs in sy oordele nie. Luister wat Jesaja verder sê: "Ook in die weg van u oordele het ons U verwag, o Here!"

Geen oordeel van God dryf 'n kind van God van Hom af nie. Nee, die oordele laat ons uitsien met biddende verlange na Hom, na die openbaring van sy heerlike deugde. Hier is daar wel sprake van sielsbegeertes, maar wat kan dit anders wees as dat al die beweginge en werkinge van die wil hulle op God rig, dat daar 'n baie sterk aandrif is in die innerlikste wese en lewe van die gelowiges wat hulle nie laat rus nie voordat hulle in God die volkome ruspunt van hulle hart het.

Selfs in die nag van sielsaanvegting en van stryd begeer die kind van God Hom nog met sy siel. Hy vrees nie vir die wolke wat sy pad verdonker nie. Hy wankel nie want die Here is sy rots. Met Jesaja bely hy: "Vertrou op die Here vir ewig, want in die Here is 'n ewige rots" (26:4). Hoe heerlik is hierdie heimwee na God! Dit laat die psalmis jubel: "In die nag sal sy lied by my wees, 'n gebed tot die God van my lewe" (42:9). Deur 'n nag hoe swart, hoe dig, voer Hy ons in sy ewige lig.

Die lewe van 'n kind van God is arm as hy hierdie gebedsdrang nie ken nie.

4. DIE PLIG VAN DIE GEBED

Dit is ongeoorloof om ons gebed te laat afhang van die innerlike gebedsdrang en alleen die knieë te buig wanneer die H. Gees ons dit voorskrywe. God vorder die gebed van ons as die vernaamste deel van dankbaarheid (H. Kat. Vr. 116). God lê die gebed vir ons op as 'n onafwysbare eis van die lewe.

Nou is daar baie gelowiges wat vir die persoonlike lewe van geen vaste reël wil weet nie. Hulle bid alleen wanneer die hart daaraan behoefte gevoel. Daar kom in ons lewe gedurig tye van verslapping waarin ons geen behoefte gevoel om in die Naam van Christus tot die Here te gaan nie. In sulke oomblikke van doodsheid herinner die H. Skrif ons daaraan dat ons nie slegs *mag* maar dat ons bepaaldelik *moet* bid, dat ons skuldig voor God staan as ons die gebed versuim, selfs al gevoel ons geen gebedsdrang nie.

Daniël het in die ballingskap driemaal per dag gebed. Die psalmis sê: "Saans en smôrens en smiddags klaag ek en steun, en Hy hoor my gebed" (Ps. 55:18). Van Jesus lees ons dat Hy volgens gewoonte op die Sabbat na die tempel opgegaan het. Ons kan by die gebed die steun van die gereelde gewoonte nie mis nie.

Ons siel kleef aan die stof en dan is die gebedsuur 'n heilsame wekstem om ons te ontworstel aan die dinge van die wêreld en ons krag in Gods gemeenskap te soek. In die weg van die gewoonte kom daar heilige ritme in ons lewe. Daar is heilige gewoontes wat ons nie somaar kan veronagsaam nie. Daar lê 'n seën in vaste gebedstye. Hulle steun ons in die traagheid van ons siel en maak ons versigtig in ons wandel. Want as ons weet dat ons straks tot God sal nader, dan sal ons op ons hoede wees om ons hande nie te besoedel nie.

Dawid het die vaste gebedsure nie versuim nie. In Ps. 27:8 sê hy: "Van U sê my hart: Soek my aangesig! Ek soek u aangesig, o Here!"

In tye van verslapping waarin ons geen behoefte gevoel om te bid nie, moet ons ons vasklem aan die gebod: "Soek my aangesig!"

Ons mag met vrymoedigheid toegaan na die troon van die genade, maar ons moet dit ook met volharding doen. Ons lees van die Pinkstergemeente dat hulle volhard het in die gebede. Daarin het die geheim van hulle geestelike krag gelê.

Jesus het geweet hoe traag ons is om te bid, daarom het Hy ons die gelykenis van die onregverdige regter gegee. Ons lees in Luk. 18:1: "En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie". Daar was 'n regter in 'n stad wat God nie gevrees en geen mens ontsien het nie. En daar was in daardie stad 'n weduwee, en sy het gedurig na hom gekom en gesê: Doen reg aan my teenoor my teëparty. Hierdie weduwee het magteloos gestaan teenoor geweld en willekeur, maar sy het haar saak nie opgegee nie. Die toegang na die regterstoel kan haar nie ontsê word nie. Hy jaag haar weg maar sy gaan weer na hom toe en het so aangehou totdat aan haar reg gedoen is. "Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy lankmoedig in hulle geval?" Ja, Hy sal gou aan hulle reg doen.

Die apostel Paulus vermaan ons om te volhard in die gebed (Rom. 12:12). In Kol. 4:2 sê hy: "Volhard in die gebed en waak daarin met danksegging".

5. GESTELDHEID VAN DIE HART IN DIE GEBED

Die innerlike gesteldheid van die hart is sonder twyfel van die hoogste belang by die gebed. Die gebed van die goddelose is vir die Here 'n gruwel, want hulle bekommer hulle weinig oor die gesteldheid van die hart. As die mens bid dan stel hy hom voor die aangesig van die Here. Dit kan nie geskied sonder eerbied vir die majesteit van God nie.

Sonder opregtheid kan ons nie na God gaan nie. Daar moet by ons ootmoed en vertroue, opregtheid en aandag wees. Die ootmoed van Job moet daar by ons wees: "Kyk ek is te gering. Wat kan ek U antwoord? Ek lê my hand op my mond" (39:37). Die Here sal ag gee op hulle wat arm is en verslae van gees en wat bewe vir sy woord (Jes. 66:2). Jesaja sê dat God woon by die verbryselde en nederige van gees (57:15).

Naas die ootmoed kom die vaste vertroue om met kinderlike vrees tot die Here te bid. Die grond van die vertroue is die geloof dat God inderdaad is soos Hy Hom in sy Seun openbaar.

Hierby kom nog die eis van opregtheid. Ons lees in Joh. 9:31: "Ons weet dat God nie sondaars verhoor nie; maar as iemand godvresend is en sy wil doen, dié verhoor Hy".

Ons hart is so vol van bose gedagtes en onreine begeerlikhede dat ons met Dawid moet bid: "Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees" (Ps. 51:12).

Verder moet ons daarop let dat ons volle aandag by ons gebed moet wees. Sommige bid gedagteloos sodat hulle selfs nie meer weet wat hulle gebed het as hulle amen sê nie. Wanneer met aandag gebed word, dan doen ons dit in die bewussyn dat ons God aanroep. Die aandag maak dat daar lewe in ons gebed is. "'n Gebed sonder aandag is soos 'n liggaam sonder siel". Jesaja het gehoor hoe die Here die oordeel aansê "omdat hierdie volk naderkom met hulle mond en My eer met hulle lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My 'n aangeleerde mensegebod is" (29:13). Wanneer ons met aandag bid, dan leef ons hart daarby en word ons "wil met ywer vervul. Die H. Skrif noem dit dan ook 'n kragtige gebed.

Hierby kom nog die gesteldheid van ons hart teenoor ons naaste. Met 'n hart wat vol van haat en nyd teenoor ons naaste is, kan ons nie vrymoediglik bid nie. Jesus sê dit baie duidelik in Mark. 11:25: "En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe". En die apostel Paulus skryf aan Timotheüs: "Ek wil dan hê dat die manne op elke plek moet bid en heilige hande ophef sonder toorn en twis" (1 Tim. 2:8).

Ons moet ook bid in onderworpenheid aan Gods wil. Ons mag nie verlang na die verwesenliking van ons bese begeertes nie, maar ons moet alleen bid om wat goed en nodig is. Dit is hierdie onderworpenheid aan Gods wil wat ons laat aanhou in ons smeking, wanneer ons nie dadelik verkry wat ons verlang nie. Maar dan moet ons bid en werk. Ons gebed mag ons nie laat verslap in ons arbeid en strewe nie. Daarom sê die digter:

Bid en werk — De kunst des levens Schuilt in dit vereend gebod: 't Is uw plicht en voorrecht tevens, Kind der aarde, kind van God!

6. DIE ERNS VAN DIE GEBED

Jesus wil ons tot 'n bewuste gebedslewe bring, 'n lewe wat alleen as vrug van sy gemeenskap geken word. Alles wat ons die Vader sal vra in sy Naam, sal Hy ons gee. Daarom sê Hy: "Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees" (Joh. 16:24). Ons moet vir onself steeds helderder bewus word van ons eie nood en ellende. Dit sal ons bring tot 'n toenemende bewussyn van die rykdom van Gods genade in Christus. Die gebedslewe is 'n lewe van heilige erns. Ons het daarin met die lewende God te doen wat nie met Hom laat speel nie.

Ons kan nie maar voortlewe in die sonde en dan vroom in die gebed tot die Here kom nie. "Ons weet dat God die sondaars nie hoor nie; maar as iemand godvresend is en sy wil doen, dié verhoor Hy" (Joh. 9:31). Israel het in hulle eiesinnigheid volhard. Hulle was vroom in hulle gebed en tog sê Jesaja: "As julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie: julle hande is vol bloed" (1:15). Hulle hart het die Here nie gesoek nie. In so 'n toestand van onbekeerlikheid het hulle dan nog vroom die aangesig van die Here gesoek. So 'n toestand het Jakobus by sy lesers aangetref, daarom skrywe hy aan hulle: "Nader tot God en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges!" (4:8).

Die erns van die gebed kom so mooi uit in Ps. 66:18, 19: "As ek ongeregtigheid bedoel het in my hart, sou die Here nie gehoor het nie. Waarlik, God het gehoor; Hy het geluister na die stem van my gebed". Augustinus deel ons mee dat hy 'n geruime tyd gebid het om bekering, maar dat die vrees intussen by hom was dat God hom sou verhoor en dat hy die sonde dan vir altyd vaarwel moes sê. God verhoor hulle nie wat moedswillig toegee aan die sonde of die sonde bly koester in hul hart. God verhoor hulle nie wat op hulle gebede vertrou as die oorsaak van hul saligheid.

Hier het ons te doen met die erns van die gebed.

God is 'n God van genade maar Hy is ook 'n God van heiligheid. Dit moet ons in ons gebedslewe altyd onthou. Hierin lê daar grote gebedssonde dat ons so weinig met heilige erns bid. In ons gebed tog spreek ons met 'n ewige God, en tog is ons gebed soms so gedagteloos. Daar is so weinig sielespanning. Ons moet met die psalmis kan sê: "Ek het U van ganser harte om genade gesmeek, wees my genadig volgens u belofte" (119:58). So 'n smeekgebed moet geskied in vaste geloofsvertroue. As ons tot God nader, dan mag dit nie met 'n twyfelmoedige vraag in die hart wees nie. As ons met 'n hart vol wantroue na die genadetroon gaan, dan maak ons geen erns met ons gebed nie. Dit is eintlik 'n miskenning van die onuitspreeklike groot genade en die vaderlike trou van God. Daarom sê Jakobus dat ons in die geloof moet bid sonder om te twyfel, "want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie" (1:7).

Al biddende word die geloofsvertroue in ons versterk.

Maar dan moet ons gebed ook vurig wees. Ons is te koud en onaandoenlik in ons gebede. Daarom sê Jakobus dat die vurige gebed van 'n regverdige groot krag het (5:16). As daar ooit vurigheid van gees geëis mag word, dan is dit seker in die heilige dinge van Gods koninkryk. Ons bedoel nie opwinding nie, want dit is geen heilige geesdrif nie.

7. DIE HEILIGE GEES EN DIE GEBED

Judas sê in sy sendbrief dat ons in die Heilige Gees moet bid (vs. 20). Die Heilige Gees word dan ook in die Heilige Skrif die Gees van die genade en van die gebede genoem. Ons moet besiel, gedrywe en beheers word deur die Gees by die gebed. Dit gebeur in tweërlei opsig nl. Hy bid in ons en Hy help ons om te bid. Die apostel sê in Rom. 8:26: "En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge". Die woorde "kom te hulp" gee nie maar te kenne dat die Heilige Gees die gelowiges in hul swakhede help nie. Hier is volstrek geen sprake van 'n gebed wat ons doen en van onuitspreeklike sugtinge wat ons slaak nie. Nee, hier bid en sug die Heilige Gees self in ons. Dit staan hier so duidelik dat *Hy* vir ons intree.

Dit is waar, Hy lei ons in die kennis van ons node. Hy ontdek ons aan ons toestand van volstreekte hulpeloosheid. Hy skenk ons sy bystand onder die gebed. Hy gee ons vrymoedigheid om ons mond wyd oop te maak. Hy skik en orden die gedagtes van ons hart, sodat hulle in woorde vertolk word sonder dat dit ons merkbare inspanning kos.

Maar hier in Rom. 8:26 lei die apostel ons diep in in die genadewerk van die Heilige Gees. Hy sê nie dat die Gees ons slegs leer bid nie, maar Hy self tree vir ons in met onuitspreeklike (woordelose) sugtinge. Dit is sugtinge wat nie oor ons lippe kom nie, maar wat uit die Gees na die hemel styg. Hierdie roerende sugtinge van die Gees is onverstaanbaar vir ons, maar nie vir God nie.

In Rom. 8:27 sê die apostel: "En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is." Wat 'n weldaad besit ons in die biddende Gees! Hy is in ons harte werksaam, en wanneer ons nie reg weet wat ons moet bid nie, bid Hy vir ons in ons plek. Hy is die alwetende Getuie wat die diepste roersele van ons siel ken. Hy verstaan ten volle ons ware behoeftes.

Maar ook Jesus tree vir ons in (Rom. 8:34). Hy is die Voorbidder van die gelowiges in die hemel, terwyl die Heilige Gees dit in ons harte is. Hy tree vir ons en vir die heiliges in.

Wat is heerliker vir 'n gelowige om te weet dat die Heilige Gees in hom bid en dat Jesus daar in die hemel vir hom bid! Moet dit ons nie dwing tot aanbiddende bewondering van Gods liefde nie? Ag, die gelowige is deur sovele swakhede bedreig, maar hoe heerlik is dit dat God volkome redding gewaarborg het! Die Vader, die Seun en die Heilige Gees is al drie werksaam tot ons ewige heil, en ons besef dit so weinig.

Ons lees in Openb. 22:17: "En die Gees en die bruid sê: Kom!" Johannes sê nie: Die bruid en die Gees nie, maar die Gees en die bruid. Hy spreek hier nie van die gebede van die bruid deur die Gees nie, maar van die gebede van die Gees soos hulle onderskei is van die van die bruid. Die Heilige Gees tree hier duidelik op as die eerste Bidder, die Besieler van die liggaam van Christus. Hy bid nie slegs uit liefde tot Christus en uit vurige verlange na die volle openbaring van sy heerlijkheid nie, maar ook uit liefde tot die eensame bruid wat nog van haar Bruidegom verwyder is, Wat 'n ryke troos! Die Heilige Gees bid in en vir die gelowiges.

8. DIE VRYMOEDIGHEID VAN DIE GEBED

Sonder vrymoedigheid is 'n kragtige gebed nie moontlik nie. Hierdie vrymoedigheid ontleen ons alleen aan die Naam van Christus deur wie die toegang tot die genadetroon vir ons ontsluit is. Ons is sondaars en tog het ons die vrymoedigheid om tot die heilige God te nader. Uit onself het ons geen vrymoedigheid nie. As ons let op die heiligheid van God, dan moet ons met Jesaja uitroep: "Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man van onrein lippe" (6:5). Ons vrymoedigheid is alleen in Christus. Ons het vrymoedigheid om in die hemelse heiligdom in te gaan op die nuwe en lewende weg wat Christus vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees (Hebr. 10:19, 20).

As hy hierop let, dan vermaan die skrywer van die brief aan die Hebreërs sy lesers om hulle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg te werp nie (Hebr. 10:35). In Hebr. 4:16 lees ons: "Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan". Ons het hier op aarde geen vrymoedigheid om na 'n koning se troon te gaan nie, maar die saak verander heeltemal as ons let wie hier op die troon sit. Dit is die verpersoonlikte genade wat hier in volle krag en waardigheid sit. Die genade het die troon verower. Dit het die sonde oorwin deur die straf te dra.

So het die genade reg op die troon en so het die gelowiges die reg om op die nuwe en lewende weg na die troon van die genade in die hemelse heiligdom te gaan. Christus het sy bloed as 'n soenoffer vir ons aan die Vader aangebied. Die Vader het die soenoffer aanvaar. Daarom het Christus nou die reg om vir ons by die Vader in te tree. Hy is ons groot Hoëpriester wat sy priesterlike werk daar in die hemel vir ons voortsit.

Na so 'n Hoëpriester mag ons met vrymoedigheid gaan, want Hy ken ons node dieper as ons self en Hy het medelyde met ons.

As 'n bidder na die troon van die genade kom, dan kan God — met eerbied gesê — hom nie wegstuur nie, maar terwille van Christus wil Hy hom verhoor. Daarom sê Christus dat Hy ons alles sal gee wat ons die Vader in sy Naam bid.

Hier vind ons die plek wat 'n ware troosbron genoem mag word. Hier is 'n rusplek vir die vermoeide onder sy sonde, 'n ankerplek vir die heilbegerige hart.

Die woord vrymoedigheid het nog 'n ander betekenis. Ons bedoel hier die vrymoedigheid om tot die Here onse God te spreek. Ons bid soms so aarselend en weifelend.

Ons kan oudiënsie by 'n koning aanvra en dit kan ons verleen word. Maar hoe verleë staan ons daar voor die koning! Vele van ons sal slegs met die uiterste selfbeheersing die gepaste woorde vind. Maar die vrymoedigheid neem steeds toe hoe meer ons met ons hemelse Koning in gemeenskap verkeer.

As ons weet dat 'n koning ons versoek nie sal afwys nie, dan het ons vrymoedigheid om na hom te gaan. En nou weet ons dat Christus ons die belofte gegee het dat Hy ons nie sal wegwerp as ons na Hom gaan nie. Die apostel Johannes sê dan ook: "En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil" (1 Joh. 5:14). Dit is heerlik om 'n Trooster te hê wat op aarde in en vir die gelowiges bid! Maar dit is troosvol om te weet dat Christus ons stamelende gebede as lieflike reukwerk aan die Vader voorhou, en dat die Vader terwille van Christus ons altyd wil en sal verhoor.

9. DIE INHOUD VAN DIE GEBED

Die vraag is nou: Om watter dinge moet ons die Here aanroep? By die heidene het die gebed wat sy inhoud betref in growwe egoïsme ontaard. Die godheid skyn alleen te bestaan om die mens se wense te vervul. Die mens is nie daar om God nie, maar die godheid is daar terwille van die mens. By die gelowige bidder egter is die eerste en diepste behoefte nie homself nie maar dit raak die saak van God. As ons die gebede van die geloofshelde in die Skrif raadpleeg, dan staan die eer van God op die voorgrond. Die grondtoon van hulle gebede is dit, dat daar met ons maar kan gebeur wat wil as God slegs verhoog word en as Hy slegs tot sy eer kom.

Daarom sê Jesus: "Maar soek eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matt. 6:33). Die dinge van Gods koninkryk moet by ons die swaarste weeg. Daaronder val ook ons geestelike belange. Dit is dan ook besonder bemoedigend dat die Skrif ons vergunning verleen om al ons sielenode voor Gods aangesig te bring. Paulus skrywe aan die Filippense: "Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God" (Fil. 4:6). Ons mag al die node van ons siel voor die troon van die genade bring. Daar is bedes om skuldvergifenis, heiligmaking en bewaring in die versoeking. Die sesde bede van Onse Vader lui dan ook: "Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose". Die mooi verklaring van ons Kategismus is: "Omdat ons in onself so swak is dat ons nie een oomblik sou kan stand hou nie, en daarby ons doodsveyande, die duiwel, die wêreld en ons eie vlees, nie ophou om ons aan te val nie, wil ons tog staande hou en versterk deur die krag van u Heilige Gees, sodat ons in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie, maar altyd sterk teëstand kan bied, totdat ons eindelijk vir goed die oorhand behou" (Vr. 127).

Wat ons in hierdie besoedelde wêreld tog so nodig het om nie te beswyk nie is 'n gereinigde hart en 'n vaste gees. Daarom moet ons gedurig met Dawid bid: "Skep my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees" (Ps. 51:12). Daar moet by ons gedurig wees die bede om verbryseling van die hart in ons onboetvaardigheid.

God ken al ons node en behoeftes. Alles, klein of groot, niks is Hom onverskillig nie. Biddend mag ons ons sorg neerlê voor sy aangesig. Maar ons moet dit ook smekend doen. Met sterk drang moet ons pleit op sy genade en hulp volgens sy goddelike welbehag. Maar Paulus herinner ons daaraan dat dit met danksegging moet gebeur. Ag, hoe nietig word ons sorg as ons God in die gesig kry! Hoe dankbaar word ons hart gestemd!

Wat die stoflike node betref moet ons groot gematigdheid in ons begeertes hê. Dit is goed om hier na die waarskuwing van Augustinus te luister: "Wat die tydelike goedere betref, waarsku en vermaan ons u in die Here dat u nooit iets bepaalds bid nie, maar alleen wat God weet wat heilsaam vir u is".

Om tydelike goedere moet ons steeds bid met onderwerping aan die wil van die Here. Dit geld ook vir die geestelike goedere. En dan moet die bede om die tydelike nooit losgemaak word van die om die geestelike nie.

Ons mag voedsel, klere en 'n beter betrekking van die Here begeer, maar dan steeds met die doel om die Here daardeur beter te kan dien en verheerlik. Ons stel in ons gebed te dikwels die stoflike naas die geestelike. Ons moet dit onthou dat God ons met Christus alle dinge wil skenk.

10. DIE DANKGEBED

In hierdie droewe tye is dit so nodig om vurig te bid. In bepaalde tye mag ons meer bid as dank, maar tog mag ons die dankgebed nooit verwaarloos nie. As ons bid gaan dit in baie opsigte om ons eie belang, ons redding en ons genesing. As ons dank gaan dit om die eer van God wat ons boweal moet seek. Daarom sê Paulus dat ons God in alles moet dank. Die vertaling van 1 Thess. 5:18 is: "Dank in alles, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle".

Aan hierdie vermaning gaan twee vermanings vooraf nl. "wees altyddeur bly" en "bid sonder ophou" (vss. 16, 17). Die gedurige gebed versag die smart, gee ons 'n oog vir die geestelike weldade wat die Here ons skenk en leer ons ook om in alles te dank, d.w.s. in elke toestand en in alle omstandighede. Dit is 'n goddelike bevel om God *in alles* te dank.

Dit is moeiliker as wat ons dit vir ons voorstel. Paulus wil sê dat ons moet dank in alles wat oor ons kom. In voorspoed en teenspoed moet ons God dank. God is tog in alle lewensomstandighede waarin Hy ons bring. Wie biddend en dankend in alles met God rekening hou, ontvang van die Here 'n oop oog vir sy geestelike weldade wat nooit ontbreek nie, ook al sug ons wat die uitwendige omstandighede betref. Al verloor ek alles dan hou ek nog my God oor. Ons Heiland sal ons nie begeef en verlaat nie.

As iets ernstigs ons skielik oorval dan is ons so gou verward en dan kyk ons angstig rond. Ons ken dan geen vreugde en ons kan ook nie dank nie. Maar dan denk ons aan die woorde van Jesaja: "Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand" (41:10). Dan word dit stil in ons gemoed en dan dank ons die Here dat Hy onse God is wat ons ondersteun met sy reddende regterhand.

As ons dreig om weg te sink in die diepte dan gevoel ons "ewige arms van onder" en ons jubel in die Here. O, wat is 'n dankbare lewe tog 'n ryke lewe in God! Wat moet dit ellendig wees om daar te moet neersit onversoend met jou lot!

Die gelowige leer om in Gods welbehae te berus.

"My siel, wat treur jy nog verslae

En is onrustig in jou lot?

Berus slegs in Gods welbehae;

Strek uit jou hoop na beter dae" (Ps. 43:5 berym).

Laat ons dan leer om God in alles te dank vir wat sy goedheid en sy genade in Christus in die natuurlike en geestelike ons skenk. Ag, die Here skenk nog soveel vergoeding teenoor die drukkende lewensleed, soveel troos in smart, soveel sterre laat Hy skitter ook in die donkerste nag.

Die hele Skrif is daar vol van dat die Here dankbaarheid vra vir al sy wilsbeskikkinge, vir al sy bestiering van ons lot. God eis dankbaarheid daarvoor dat Hy Hom met ons wil inlaat, dat Hy ons lei van stap tot stap. Hy eis dat ons so geheel ons aan Hom sal toevertrou dat daar geen murmurering sal wees nie. Dit is die wil van God in Christus Jesus oor ons, 'n wil wat ons dankbaarheid vorder in die allernouste gemeenskap met Christus.

Die dankbaarheid is die asemtog van die gebed. 'n Dankgebed volg so van self vir ons wat in geloofs- en lewensgemeenskap met Christus staan. Hy tog is vir ons nie alleen 'n biddende Hoëpriester nie. Nee, Hy is ook 'n dankende Hoëpriester wat ons bekwaam maak om God te dank deur sy Gees.

11. DIE AANBIDDING

Die aanbidding is seker die vernaamste stuk van die gebed. Sommige meen dat die gebed alleen daar is om ons behoeftes te vervul, geestelike en stoflike behoeftes, sonder dat die siel hom in die lof en prys van die Allerhoogste uitstort en sonder dat daar sprake van aanbidding is. In sulke gebede is daar weinig verheffing. Ons is te veel besig met ons self en te weinig met God. Ag, wat beteken ons node tog in vergelyking met die heerlike Naam van God! Ons moet op ons hoede wees om in die voordra van ons behoeftes die kern van die gebed te soek. In die paradys het die mens geen liggaamlike en geestelike nood gehad nie, en tog kan ons dit vir ons nie voorstel dat hy sy siel nie tot God opgehef het nie.

As die vernaamste stuk van die gebed die vervulling van ons behoeftes was, dan sou daar geen gebed gewees het in die ryk van heerlikheid nie. Waar die gebed die asemtog van die siel is daar kan dit in die ewige heerlikheid nie ondergaan nie maar moet dit hom daar juis onbelemmerd laat geld in sy diepste en oorspronklike karakter. In die hemelse heerlikheid neem die gebed die vorm van aanbidding van die driemaal heilige God aan.

Die hele Openbaring van Johannes is daarvan vol. Die ouderlinge aanbid as verteenwoordigers van die kerk, die lewende wesens voor die troon aanbid as verteenwoordigers van die skepping. Dit is alles een deurlopende aanbidding van Hom wat lewe tot in ewigheid. Dit is 'n rustelose toebrenging van heerlikheid en eer en krag aan Hom wat was, wat is en wat sal kom.

Maar reeds hier op aarde moet in die gebed die suiwere toon van aanbidding nooit ontbreek nie. Daarom sê die psalmis: "Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die Here wat ons gemaak het" (Ps. 95:6). Ons het hier te doen met die religieuse aanbidding. Die uitgangspunt daarvoor is die lewende erkenning van die verhewenheid en majesteit van God, wat sy nietige skepsel as vanself tot ootmoedige eerbetoning oproep.

Ons moet buk en kniel voor die Here wanneer ons let op die suiwere volkomenheid en die vleklose heiligheid van God. Wat ons in die stof voor Hom laat neerkniel is die ervaring van sy onuitspreeklike genade wat Hy ons in Christus betoon het. Hier is iets wat ons klein en onwaardig in ons self maak. Hier word ons siel van stille ontroering vervul. Maar in die ware aanbidding het ons nie slegs te doen met die eerbetoning wat ons aan God skuldig is nie. So 'n hulde is elkeen aan Hom verskuldig. Dit word eers dan aanbidding wanneer die siel hom welbewus met die Goddelike Wese op mistieke wyse verenig gevoel. Dan is daar verwondering wat hom dan verdiep tot bewondering van sy heerlikheid. Hierdie bewondering lê so volkome beslag op die siel dat ons selfs ons eie node en behoeftes vergeet.

So 'n gebed voer ons op na die berge van Gods heiligheid en laat ons siele heiliger en frisser hemellug inasem. Dit is die mistiek van die gebed wat ons so weinig ken.

Ons lewe op 'n veels te lae peil. Die psalmis het al gekla: "My siel kleef aan die stof" (Ps. 119:25). Ons gees is in die dinge van die aardse lewe so bevang dat dit uit die stoflike beklemming moet losgemaak word. Daarom moet ons weer leer om in aanbidding ons siel tot God op te hef.

12. DIE ONVERHOORDE GEBED

Jesus het so met nadruk verklaar: "Alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee" (Joh. 16:23). En tog word nie elke gebed verhoor nie. Daar is ook 'n verhinderde gebed. Petrus sê dat die manne verstandig met hulle vroue moet saamlewe en aan die vroulike geslag as die swakkere eer bewys. Hy voeg dan daarby "sodat julle gebede nie verhinder mag word nie" (1 Petr. 3:7). Elke egverbintenis moet op innerlike eenheid en sielsgemeenskap gegrond wees. Die opregtheid voor God eis nadruklik dat die oorsaak van die gestoorde gemeenskap in die huwelikslewe weggeneem moet word, anders word die gemeenskaplike gebed in so 'n huis verhinder.

Neem die geval van Moses. In Deut. 3:26 sê hy: "Maar die Here het toornig op my geword om julle ontwil en my nie verhoor nie; maar die Here het vir my gesê: Dit is nou genoeg! Moenie nog verder met My oor hierdie saak spreek nie". Hier het ons 'n geval waar die gebed van 'n man soos Moses deur God afgewys is. Moses het die Here gesmeek om hom te laat oortrek om die mooi land oorkant die Jordaan te sien. Hierdie smeekgebed van Moses is nie verhoor nie weens sy ongehoorsaamheid. In plaas van tot die rots te spreek het hy tweemaal op die rots geslaan. God kan in sy dienskneg nie verbysien wat Hy in sy volk so swaar besoek het nie. Tog is daar vir Moses iets beters weggelê. In plaas van die aardse Kanaän sal hy straks die heerlijkheid van die hemelse aanskou.

Die onverhoorde gebede was dikwels 'n middel in die hand van die Here om sy kinders 'n dieper insig te gee in die heiligheid en regverdigheid van hulle God. So het Paulus driemaal gebid dat die engel van die satan van hom moet wyk. Sy gebed is nie verhoor nie. Die antwoord van die Here was: "My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring" (2 Kor. 12:9). Ons gebede word soms verhoor langs 'n ander weg as wat ons meen. Toe Augustinus na Italië wou gaan, het sy moeder Monica die Here gesmeek dat dit tog nie mag gebeur nie. Haar gebed is nie verhoor nie want die Here het hom laat gaan omdat hy juis daar in Italië die heil van sy siel sou vind. So werp die beproewing van die onverhoorde gebed 'n ryk vrug af.

Daar is verskillende oorsake vir die onverhoorde gebede. Die afwysing van ons gebede is soms gegrond op die gesteldheid van ons hart. Ons gebed kan uit 'n besoedelde hart oprys, 'n hart wat die Here nie in al sy weë ken nie. Ons meen soms dat ons in gemeenskap met die Here lewe, terwyl ons nie breek met 'n bewuste sonde nie. Ons kan nie vroom die een hand in die gebed ophef nie, terwyl ons met die ander hand die sonde vashou. Die gesteldheid van so 'n hart is nie waaragtig nie. Hoe kan die heilige God so 'n gebed verhoor? So het Israel in 'n sedelike verval voortgelewe en dan het hulle nog die gebed vermenigvuldig. Die antwoord van die Here was: "As julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; julle hande is vol bloed" (Jes. 1:15). Ons kan ook soms bid met onheilige bedoelings. So sê Jakobus: "Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring" (4:3). Jakobus spreek van die begeerte na wêreldse dinge wat die eerste plek in die siele van sy lesers inneem. Die gesteldheid van ons hart is soms so dat ons gebed tevergeefs is. Daar is die onversoenlikheid met ons naaste wat ons gebede verhinder. Daarom sê Jesus: "En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe. Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie" (Mark. 11:25, 26).

13. DIE VERHOORDE GEBED

Die H. Skrif laat ons God ken as die "Hoorder van die gebed" (Ps. 65:3). Dawid sê in Ps. 17:6: "Ek roep U aan, want U verhoor my, o God!" Die gebed is 'n tere heilige kuns. Ons gaan in die gebed tot God nie "op goeie geluk af" nie. Nee, ons weet seker dat God ons gebed sal verhoor. Die psalmis het dit so heerlik ervaar: "Waarlik, God het gehoor; Hy het geluister na die stem van my gebed. Geloofd sy God wat my gebed nie afgewys en sy goedertierenheid aan my nie onttrek het nie!" (Ps. 66:19, 20). Maar dan moet ons in kinderlike geloof bid. "Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus. . . laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid" (Hebr. 10:19, 22). Die geloof is onafskeidelik van die gebed. Deur die geloof tree die bidder op en mag hy versekerd wees dat God hom volgens sy belofte sy seëninge sal skenk. God sal dit doen terwille van sy Naam, want Hy is die Ontfermer. Hy sal dit doen in Christus in wie al die beloftes ja en amen is. As ons met 'n volkome hart tot God kom en ons op Jesus beroep, dan sal God ons gebed nie afwys nie. Daarvan kan ons seker wees. "Maar sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek" (Hebr. 11:6).

Dit is so bitter jammer dat die geloof in die lewende God deur die wêreld in ons dae verlore is. Daarom kan die wêreld hom nie versoen met die gedagte dat daar gebedsverhoring sou wees nie. Die egte bidders is daar so weinig in ons tyd. Ja, daar was ook 'n tyd in Dawid se lewe toe hy vir meer as 'n jaar in die land van die Filistyne die aangesig van die Here nie gesoek het weens sy rooftogte nie.

Maar God het hom gebring by die ruïnes van sy Siklag wat hy opgebou het. Maar hoe heerlik is dit om te verneem: "Dawid het homself versterk in die Here sy God" (1 Sam. 30:6). Dawid het in die gebed die gemeenskap met sy God gesoek, en hy is inderdaad in sy benoudheid kragtig ondersteun. Die wenende Dawid staan as 'n ander mens uit die gebed op en nou weet hy volkome seker wat hy moet doen.

Wie hom also in sy God versterk het, is dan ook nie bevrees nie, want hy luister na die stem van die Here: "Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand" (Jes. 41:10).

Dit kan ook gebeur dat God ons gebed op 'n heeltemal ander wyse verhoor as wat ons verwag het.

Daar was 'n godvresende vader wat God gedurig gesmeek het om hom 'n vreedsame sterfbed te skenk, sodat sy ongelowige seun 'n diep indruk mag ontvang en tot bekering kom. Maar God het dit anders gewil. Die vader moes vreeslike benoudhede deurmaak. Dit het juis die seun tot inkeer gebring. Skynbaar is hierdie gebed afgewys en tog is dit verhoor.

As God ons gebed sal verhoor, dan moet die gesteldheid van ons hart reg wees. Jesus sê: "As julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie" (Mark. 11:26).

So staan dit dan vas dat die hele Skrif die verhoring van die gebede leer. So skrywe die apostel Johannes: "En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het" (1 Joh. 5:14, 15). En Dawid bevestig dit in Ps. 34:5: "Ek het die Here gesoek en Hy het my geantwoord en my uit al my vrees gered".

14. GEBEDSMOED

Vir die gebed het ons behoefte aan die nodige moed. Want om te bid is om na die hoë God te gaan, en 'n mens in sy kleinheid dink so maklik: ek kan Hom nie lastig val met alles nie. Ons meen soms dat ons nie alles mag vra nie, omdat God van ewigheid af alles so bepaal het. Daarom het ons nie die nodige moed nie.

Koning Hiskia het soveel gebedsmoed gehad. Jesaja het hom aangesê dat hy sal sterwe. Hiskia kon nie daarin berus nie. Hy draai sy aangesig na die muur en sê: "Ag, Here, dink tog daaraan dat ek voor u aangesig in trou en met 'n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed is in u oë" (Jes. 38:3). Hy bid en hy word verhoor nieteenstaande Jesaja hom die doodstyding gebring het. Hierdie gebedswonder leer ons om in alles te bid en aan te hou ook in die mees hopelose geval.

Maar daar is moed nodig vir die gebed in hopelose gevalle. Waarvandaan het Hiskia hierdie moed gekry? Die eerste dryfveer vir sy gebed is omdat hy sy God nie begryp het nie. Daarom vra hy: waarom Here? Hy doen dit nie omdat die sterwe vir hom so swaar was nie. Hy weet dat God hom na die dag van aardse stryd sal opneem in sy heerlijkheid (Ps. 73:10). Hy tog het met 'n volkome hart voor die aangesig van die Here gewandel en het gedoen wat goed is in die oë van die Here. Daar is die gevaar van die Assiriërs. As hy nou moet sterwe dan verkeer sy volk in natuurlike en geestelike doodsnood. Daar hang tog soveel vir sy volk af van Hiskia se moed en volharding. Hy alleen het sy volk weerhou van moedelse oorgawe. Alleen sy voorbede kan nog verlossing van die Here bring. En dan het hy geen seun as troonopvolger nie. Manasse sy opvolger is vyftien jaar later pas twaalf jaar oud. Manasse is nog nie eers gebore en nou moet hy (Hiskia) sterwe. Word die stamboom van Christus dan nie afgesny nie? Hoe staan dit dan nou met die Messiasbelofte ?

*"U het aan Dawid in u trou
Gesweer dat U sy troon sal bou" (Ps. 132:7 berym).*

En wat word dan van sy hervormingswerk wat hy tog nie op eie geleentheid aangevat het nie?

Wat staan ons tog dikwels in ons lewe voor duistere onbegryplike dinge van God! Hiskia kon nie berus nie. Hy leer ons hier 'n les en dit is dat God nie wil dat ons voor Hom swyg nie, maar juis dat ons Hom alles in ons gebed vertel. God wil dat ons openhartig teenoor Hom moet wees. Ons het dan eers rus as ons vertrou. Vertrou is iets anders as om in moeilike omstandighede te berus. Die moeilike omstandighede gryp Hiskia aan en in die geloof worstel hy met sy God. En haastig verhoor God sy gebed.

Hiskia het waarlik skuldbesef genoeg, want hy sê in sy lied: "Want U het al my sondes agter u rug gewerp. ... Die Here staan gereed om my te verlos" (Jes. 38:17, 20). Hiskia weet dit dat 'n sondaar niks om te eis het nie, maar dat Gods kind dit wel mag doen. Die kind van God mag eis, worstel en volhard in die gebed, nie om iets in homself nie maar omdat God dit hom belooft het. Daarom mag ons pleit op die beloftes van die Here.

*"Open julle mond
eis van My vrymoedig
op my trouverbond:
al wat jul ontbreek
skenk Ek as jul smeek
mild'lik en oorvloedig" (Ps. 81:12 berym).*

Hiskia het 'n lang lewe begeer, 'n lewe vir God. In Jes. 38:19 sê hy: "Die lewende, die lewende, dié sal U loof, soos ek vandag; die vader maak aan die kinders u trou bekend". Ag, wat beteken dit tog nie om veel vir God te kan doen, om veel sy liefde voor Hom te kan toon! As ons daarvan deurdronge is, dan het ons gebedsmoed.

15. DIE VOORBIDDING

Die voorbidder is iemand wat vir ander bid.

Toe Petrus in die gevangenis was, het die gemeente vurig vir hom gebid. Op hierdie voorbede is daar 'n engel uit die hemel gestuur om hom te bevry. Wat is dit heerlik in dae van siekte en nood dat ons mag weet dat daar orals voorbidding vir ons gedoen word! Ons voel ons een met die grote huisgesin van God en ons is so dankbaar dat daar 'n band van liefde is wat ons bind. Veral die voorganger van die gemeente het hier so 'n dure roeping. Hy moet aan hoë eise beantwoord om 'n vurige en besielde voorbidder te kan wees.

Dit is die rykste by Christus te sien. In Joh. 17 tref ons Hom aan as die voorbiddende Hoëpriester. Hy begin by Homself. Hy betuig dat Hy voleindig het die werk wat die Vader Hom gegee het, en vra nou dat Hy Hom mag verheerlik. Daarop volg die voorbidding vir die gemeente. Hy vra dat die Vader hulle moet bewaar. Dan brei Hy sy gesigskring verder uit en bid Hy vir hulle wat deur die woorde van sy apostels in Hom sal glo. Ons lees in Hebr. 7:25 dat Christus altyd leef om vir ons in te tree.

Dit vind ons so treffend by die apostel Paulus. Daar in die gevangenis kniel hy neer om vir die gemeente van die Efesiërs te bid. Hy bid nie vir sy bevryding nie.

Nee, hy bid vir die gemeente, vir hulle wasdom, hulle bloei, hulle lewe en hulle verheerliking. Hierdie pragtige voorbede vind ons in Ef. 3:14-21. Hoe heerlik is dit om te beluister hoe Paulus sy siel uitstort en homself vergeet! Wat 'n liefde is daar in sy hart! Uit God is die Vaderskap (patria) oor almal in die hemele en op die aarde. Paulus bid dat die gemeente as die groot huisgesin van God met krag versterk word deur sy Gees in die innerlike mens. Hy verloor homself in die volle diepte van Gods liefde in Christus en soek na woorde dat die gemeente tog die liefde van Christus moet ken wat die kennis oortref. Hulle is 'n gemeente wat in die liefde gewortel en gegrond is. Dit is of Paulus nog daarmee nie tevrede is nie, daarom bid hy dat hulle vervul kan word tot al die volheid van God. Dit is die hoogtepunt van sy gebed. Die volheid van God is immers die gehele goddelike volkomenheid.

In Ef. 4:13 sê hy dat die gemeente moet kom tot die mate van die volle grootte van Christus.

Hier het ons 'n ware voorbidder wat homself vergeet en God smeek dat sy gemeente tog sal wegsink in die onpeilbare see van Gods liefde.

Om so 'n voorbidding te doen, is dit nodig dat die voorbidder self vervul sal wees tot al die volheid van God.

Wat is ons tog leeg in onself! Daarom is daar vandag so weinige vurige voorbidders vir kerk en volk.

Moses was 'n ware voorbidder vir sy volk. Ons lees in Ex. 32 van die verborge omgang van sy siel met God.

Toe Israel die goue kalf gedien het, het Moses die Here sy God om genade gesmeek (vs. 11). Toe hy alleen met die Here op die berg was, het hy homself nie gesoek nie. Hy het homself verloën terwille van sy volk, en hy het getoon dat hy die eer van sy God bo alle dinge liefhet. Hy het as voorbidder opgetree vir sy skuldige volk en die toorn van die Here is op sy gebed afgekeer. Hy is deur God op die proef gestel. Die lot van Israel word in sy hand gelê. Wat sal Moses doen? Hy bid. Hy vergeet sy eie nood en smart vir die gevaar van Israel. Die lot van sy volk druk swaar op sy hart. Hoe diep hulle ook geval het, hy kan hulle nie loslaat nie.

Hierin openbaar die ware liefde hom dat dit uitdrijf tot die gebed. Moses smeek om

genade en vra nie dat God sy reg maar moet laat vaar nie. Hy smeeek God om te gedenk aan Abraham, Isak en Israel, sy knegte. Die hoogtepunt van sy voorbede kry ons in vs. 32: "Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het". Hy bied homself as 'n skuldoffer vir sy volk aan. Dit is die egte priesterlike gesindheid van die voorbidder.

16. DIE LOFSEGGING

Die aanbidding kom die sterkste uit in die lofsegging. Die lofsegging is die suiwerste uiting van die aanbidde siel. Daar is geen lofsegging solank ons die blik op onself rig en besig is met ons eie hart. As ons gedurig die oog op God rig, dan sien ons die heerlikheid van God waarby alle heerlikheid van hierdie wêreld verbleek. Maar wanneer ons ons verdiep in wat God is, word die lof vanself in ons hart gebore. Dan sal ons gebed meer met Dawid wees: "Here, open my lippe dat my mond u lof kan verkondig" (Ps. 51:17). Die lof van die Here behoort die diepste behoefte en drang van die biddende hart te wees. Ons aanbidding mag nie beperk bly tot 'n swyende stemming van die gemoed nie.

Ons lees van Hanna: "Toe het Hanna gebid en gesê: My hart jubel in die Here, my horing is hoog in die Here". En verder: "Niemand is heilig soos die Here nie, ja, daar is niemand buite U, en daar is geen rots soos onse God nie" (1 Sam. 2:1, 2).

As ons tot die hoogste punt in ons gebed gekom het sodat ons nie verder kan bid nie, dan loop ons gebed uit op die eer en heerlikheid van God.

Toe Paulus tot die hoogste punt in sy gebed vir die Efesiërs gekom het, het hy tot lofsegging oorgegaan.

Eers het hy gebid dat Christus deur die geloof in hulle harte moet woon, en dat hulle vervul mag word tot al die volheid van God. Dan volg die lofsegging: "En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen" (Ef. 3:17, 19-21). Die end van Paulus se gebed is gegryp uit die diepste van die sielelewe van die gemeente van God. Al ons gedagtes, woorde en dade lê op een lyn, die lyn wat uitloop op die eer en heerlikheid van God. Dit is die heerlike beginsel wat die hele lewe van 'n christen moet vervul.

As hierdie beginsel ons lewe vervul, dan sal ons ook ervaar dat God "mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk" (vs. 20). Hier het ons 'n bewys dat hoe verder 'n gelowige kom, hy altyd ryker insig ontvang van sy God, van sy deugde, van sy majesteit en heerlikheid. Hy ervaar in sy gebed die krag van God wat in hom werk. In Ef. 1:19 spreek Paulus van "die uitnemende grootheid van sy krag vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte".

Jesus getuig self daarvan in die lofsegging van die Onse Vader: "Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid". Dit getuig Dawid ook in sy gebed: "U sy geloofd, Here, God van ons vader Israel van ewigheid tot ewigheid. Aan U, Here, kom toe die grootheid en die mag en die heerlikheid en die roem en die majesteit, ja, alles in hemel en op aarde" (1 Kron. 29:10, 11).

Dit is heerlik as 'n kind van God sover gevorder het dat hy hemelse klanke in sy gebed vertolk. Luister na die groot lofsegging in die hemel: "Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen" (Openb. 7:12). Ons hele lewe — nie slegs ons gebedslewe nie — moet wees 'n lofsegging, 'n verheerliking van God. Ons dink te klein van die mag en majesteit van God, daarom is ons gebed so koud. Ons het 'n groot, ryk en algenoegsame God en Saligmaker. Nooit kan die geloof te veel van Hom verwag nie. Nooit kan ons genoeg sy lof prys in ons gebed nie.